Bybel vir Kinders
bied aan

Die Man van Vuur

Geskryf deur: Edward Hughes

Ge-illustreer: Lazarus

Aangepas deur: E. Frischbutter

Vertaal deur: Yvonne Kriel

Vervaardig deur: Bible for Children
www.M1914.org

©2013 Bible for Children, Inc.
Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te druk maar u mag dit nie verkoop nie.

Alles lyk sleg vir Israel. Die koning en koningin haat God. Wat 'n swak voorbeeld!



Gou het die mense God ook gehaat en valse gode aanbid. Het enigiemand God lief?



Ja, daar was 'n paar getroue dienaars. Een dag het God met een van hulle met die naam Elia gepraat.



Elia het vir koning Agab gesê, ...

… “As die Here die God van Israel leef, daar sal geen dou of reën in hierdie jare wees nie, behalwe op my woord.”

Dit het beteken hongersnood! God sal nie toelaat dat Sy volk Israel aangaan met hul slegtigheid.

Na die waarskuwing aan die koning het God Elia na 'n stil plek in die land gestuur. Daar, by 'n spruit het Elia gewag.

God het kraaie gestuur om hom te voed. Hulle het brood en vleis in die oggend en aand gebring. Elia het water gedrink uit die spruit.



Gou het die spruit
opgedroog, want daar was
geen reën in die land nie.



God se Woord het waar geword. Die hele land was kort van water. Die gewasse het nie gegroei nie.



Die mense was honger. Miskien het Elia gewonder wat met hom sou gebeur nou dat die water was weg.

God het vir Elia gesê: "Staan op, gaan na Sarfat en gaan woon daar. Kyk, ek het n weduwee bevel gegee om voorsiening te maak vir jou."

God het geweet wat is sy kneg se behoeftes, maar wat 'n vreemde manier om te voorsien.

Nederig het
Elia het God
gehoorsaam.

Toe hy by Sarfat kom was die weduwee by die poorte besig om stokke bymekaar te maak vir vuurmaakhout.

“Bring vir my 'n bietjie water in 'n koppie,” het Elia die vrou gevra. “Bring vir my 'n stukkie brood.”

“Ek het nie brood nie,”
het die weduwee
geantwoord.
“Slegs 'n
handvol meel
in 'n bak
en
'n
bietjie
olie in
'n pot.”

Hartseer vertel die vrou die profeet dat wanneer dit klaar is, sy en haar seun sou honger te lei en sterf.

"Moenie bang wees nie. Maak vir my 'n klein koek uit die eerste meel en daarna maak 'n paar vir jouself en jou seun," het Elia gesê. "Die meel en olie sal nie opraak nie tot die dag dat die HERE reën op die aarde laat val."



God moes 'n wonderwerk laat gebeur om dit te laat gebeur.
En Hy het!



Die vrou en haar seun het geëet vir baie dae, maar die houer meel het nie leeg geword nie en die pot olie nie opgedroog nie.



Elia het saam met hulle gewoon.
Een dag het 'n hartseer ding gebeur het. Die weduwee se seun het gesterf.



Elia het die seun se liggaam gedra na die bo-vertrek.



Hy het na die HERE geroep en gesê:
"O Here my God ek bid, laat hierdie kind se siel terug kom na hom."
Wat 'n onmoontlike gebed!



Die HERE het die stem van Elia gehoor en die siel van die kind het terug gekom na hom en hy het weer gelewe.

Elía het die kind aan sy ma gegee en sy sê, "Nou weet ek dat dit die woord van die HERE is wat jy spreek en dis die waarheid."

Drie jaar later, het God Elia terug na die koning gestuur en gesê:

“Ek sal reën gee op die aarde.”

Gaan na Agab? Sy vrou, Isebel het reeds 'n honderd profete van God vermoor.

Maar Elia stry nie. Hy het na koning Agab gegaan.

Wanneer die twee mans ontmoet het Elia Agab uitgedaag om die hele Israel en die 850 valse profete



bymekaar te bring by die plek genoem Karmelberg.

Elia het met die mense gepraat. "As die HERE God is, volg Hom."



Elia moes twee bulle voorberei as offers. Maar geen vuur mag gebruik te word om hulle aan te steek nie.



"Jy roep die naam van julle god aan, en Ek sal my beroep op die naam van die Here," het hy gesê. "En die God wat met vuur antwoord, Hy is God." "Dit is goed," antwoord die volk.



Van die oggend tot die aand het van die valse profete geroep na valse gode. Hulle het opgespring en gedans en hulleself met messe gesny totdat hulle gebloei het. Maar geen vuur het het gekom nie.

Elia het die hout en offer in water geweek en gebid.

"O HERE,
antwoord my,
sodat hierdie
volk kan erken
dat U die
HERE God ..."
Daarop het
die vuur van
die HERE
neergeval.

Dit verbrand die bul en die hout. Dit het ook die klip altaar verbrand!

Toe die mense dit sien, het hulle uitgeroep: "Die Here, Hy is God!"

En Elia het gesê: "Gryp die profete van Baäl laat nie een van hulle ontsnap nie!"

Elia het gedoen wat koning Agab lankal moes doen. Hy het die vals profete dood gemaak.

God se dienaar
aan Agab gesê
dat stortreën
op pad was.

Binnekort
'n klein wolkie
verskyn. Sou
daar reën wees?

Na meer as drie jaar van dodelike droogte?

Baie gou was
die lug was
swart van
wolke en wind
en daar was
'n swaar reën.
God het die
reën gestuur.

God het die mense gewys dat Elia hulle die waarheid vertel. God het gewys dat Hy alleen die ware God is.



Dink jy Koning Agab het God en sy dienaar Elia vereer? Nee! In werklikheid, Isebel het probeer om Elia dood te maak, maar hy het weggekom.



Agab het gesterf in 'n geveg en dienaars het Isebel van 'n hoë muur van die paleis afgestamp. Sy het haar dood geval op die klippe.

Wat het met Elia gebeur?

Een dag
het God 'n wa
van vuur met perde
van vuur gestuur
en Elia, ...

... God se man van vuur, is in die storm na die hemel neem.

Die Man van Vuur

'n Storie uit God se woord, die Bybel,

soos gevind in

1 Konings 17-19, 2 Konings 2

"Die lees van die Woord gee lig."
Psalms 119:130

Die Einde

Die Bybel storie vertel ons van ons wonderlike God wat ons gemaak het en wat wil he dat ons Hom sal leer ken.

God weet ons het verkeerde dinge gedoen, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood, maar God het ons so lief dat hy sy Seun, Jesus vir ons gestuur het wat vir ons sondes aan die kruis kom sterf het. Jesus het opgestaan uit die dode en opgevaar na die Hemel! Wanneer jy in Jesus glo en Hom vra om jou te reinig van al jou sonde, sal hy dit doen! Hy sal saam met jou stap deur die lewe, en jy sal vir ewig lewe saam met Hom.

As jy glo dat dit die waarheid is,
se die volgende vir God:
Liewe Jesus, ek glo dat U God is, en mens geword het om vir my sondes te kom sterf en nou vir ewig lewe. Kom stap asseblief saam met my deur my lewe en vergewe my my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan he, sodat ek eendag saam met U vir ewig kan lewe. Help my om vir U te luister en gehoorsaam te wees, sodat ek vir U sal lewe en U kind genoem kan word. Amen

Lees die Bybel en praat met God elke dag!
Johannes 3:16